DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuín

9 Augustus 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

Lees: Psalm 37: 1 – 11   Romeine 8: 31 - 39
Teks: Psalm 37: 4 – 5
Tema: Wat is jou hartsbegeerte?

Wat gebeur vandag in jou hart? Bang, onseker, benoud of eensaam. Is jou hoop besig om soos water in die woestyn onder die sandsee van sorge te verdwyn? Daar is baie ander vrees en onsekerhede wat ons vreugde kan wegneem. Die Covid-epidemie het 'n wêreldwye pandemie geword en miljoene ly onder die gevolge. Ons weet nog nie wat gaan die toekoms vir ons gaan inhou in die tyd na die pandemie nie.

Die belofte in verse 4 en 5 kan ons op die verkeerde pad plaas as ons met die verkeerde gesindheid daarna luister. Hier staan dat die Here sal vir jou gee wat jou hart begeer. In Ps 37 word twee lewenshoudings teenoor  mekaar gestel, naamlik die lewe van die goddelose en die lewe van die gelowige kind van die Here. 'n Lewe met God en 'n lewe sonder God.

Baie keer lyk dit asog die lewe van die goddelose makliker is as die gelowige se lewe wat sy bes probeer om volgens God se Wet en Woord te lewe. Dit lyk asof die goddelose meer vreugde en voorspoed as die gelowige geniet. Die afgelope week het daar langs die bed waar mense wreedaardig op die plaas  aangeval is, 'n koevert gelê met hulle tiende daarin. Die vraag wat na vore tree is: is dit werklik die moeite werd om die Here te dien?

Die Heilige Gees is die skrywer van die Bybel en ons Trooster. Daarom gebruik hy vir Dawid wat al oud geword het toe hy die wysheidslied geskryf het (v 25). Grysheid en wysheid loop mos saam. Dis eers wanneer ons besef dat ons onder en in God se hand is, dat ons kan doen wat ons vers 7 lees: "Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou, en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe

van ‘n skelm nie”, wat sê vers 18 “die Here sorg vir die lewe van die opregtes.”

Die onetiese optrede van skelms laat ons wonder waar die reg en geregtigheid is. Onthou jou van die gedagtes dat hulle lewe maanskyn en rose is. Wie deur geweld lewe, sterf deur geweld. So beleef ons dit in SA. Hulle huise is op sand gebou. Jesus Christus is ons rots. Bid dat die Here ons vandag ons brood sal gee. Hy weet wat jy werklik nodig het. Rom 8 leer ons dat niks ons van die liefde van Christus kan skei nie. Ons is oorwinnaars. Die Here ken die somtotaal van jou woorde voordat jy Hom vra – Hy sorg vir ons. Sorge moet nie jou lewe oorheers nie, maar dankbaarheid moet.

Waarin lê jou vreugde? Die feit dat ons die Here kan loof as die Almagtige Skepper van hemel en aarde, moet ons lewe oorheers. Tydelike genot, aansien en voorspoed is wat dit is: Tydelik. Die geloof en vashou aan God het ewige waarde. Dit was die rede waarom Hy sy Seun na die aarde laat kom het. Om ons te leer hoe lyk geloof in aksie. Jesus Christus het sy Vader kom verheerlik op aarde.

Hy leer ons om ons Vader te verheerlik. Ons kan God verheerlik as ons groei in ons insig en wysheid in God se Woord. En baie het nou meer tyd om die Bybel te lees en te oordink. Om al meer intiem in gebed met die Here te verkeer. Om in die pandemie ons voor God te buig en te vra wat Hy vir my lewe wil. Om in voorspoed en in teëspoed die pad saam met die Here te bly loop. God begeer dat ons sy Naam sal heilig, dat sy Koninkryk in ons lewe sal kom. Dat ons Hom sal eer vir die gawe van geloof en die Evangelie wat vir ons hoop gee.

God se belofte is: In alles is Ek by jou. As jy val, tel Ek jou op. Ons is nie teen die Bose , kwaad en siekte gevrywaar nie. Ek stap die toekoms in met God aan my sy. Ons is nie die Lig nie – dit is Jesus Christus – ons moet die lig laat skyn. Ons is nie die woord nie – dit is ook Jesus – ons moet Sy woord verkondig. Dit is die ewige troos waarmee die Heilige Gees ons vandag troos.

Mag die Here ons almal bystaan en versterk.

# OOG VIR MEKAAR




* Ons innige simpatie en meelewing met Cora Venter wie se suster Donderdag oorlede is. Ons bid julle familie die troos van die Here toe.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat DV Woensdag 'n operasie ondergaan. Ons bede is dat die Here vir jou en Martie in die tyd sal dra. * Hennie Oelofse was die afgelope week in die hospitaal. Hy is ontslaan en is tuis. Hy ondergaan verdere behandeling vir kanker. Sterkte vir jou en Julie.
* Ons is dankbaar dat dit beter gaan met Nelie Badenhorst wat erg deur die virus aangetas is. Ons bid vir jou herstel en die herwinning van jou kragte.
* Ons bid vir Stephan Borman en familie wie se moeder in die hospitaal opgeneem is en baie siek is as gevolg van die virus. Sy het ook die afgelope maand haar 80ste verjaarsdag gevier.
* Heidi de Villiers is afgelope Donderdag aan haar voet geopereer. Ons bid vir haar genesing.
* Marius Schutte ondervind nog probleme met sy enkels na die ongeluk. Ons is dankbaar dat die breinbeserings besig is om te genees. Ons dink aan Veronica wat die verpleging doen.
* Ons bid vir Marietjie Venter wat 2 weke gelede beentjies in haar voet gebreek het. Sterkte vir jou en Douw.
* Ons wens vir Hendrik van der Walt baie geluk met die geboorte van 'n kleindogter. Mag sy vir julle 'n groot seën wees.
* Ons bid vir almal wat in die nood verkeer as gevolg van die pandemie. Ons wil graag hulp en bystand verleen wat daar nood is. Vir pastorale sorg kan u Ds Sarel kontak en vir ander nood u ouderling of diaken. Mag die Here ons almal deur die komende week dra.
* Baie dankie aan Douw Venter wat die uitsending van die erediens moontlik maak. U is welkom om in te skakel om saam in erdiens te wees na maande van inperking en afsondering. Ons begin om 9:30 en vra dat u asseblief 9 uur by die kerkgebou sal wees om die papierwerk betyds af te handel.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook 'n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 9 Aug | Louis Pienaar | B | 082 419 8882 |
| Ma 10 Aug | Kayla Borman | D | 082 646 6425 |
| Di 11 Aug | ***Rykie Botha ****<br>Christine Du PlessisTiaan Pretorius<br>Niekie Van Der Walt<br>Nerina Van Der Walt<br>Ansie Venter | B<br>B<br>D<br>B<br>B<br>B | 072 436 3301<br>084 253 6880<br>074 145 8923<br>082 382 3471<br><br>082 749 83869 |
| Wo 12 Aug | Gert Grobler<br>***Louis Marx **** | B<br>B | 082 802 5577<br>072 620 3404 |
| Do 13 Aug | Janike Carstens | D | 072 537 4145 |
| Vry 14 Aug | Aroné Swanepoel<br>Adri Venter | D<br>B | 082 944 3822<br>072 265 6284 |
| Sat 15 Aug | Ryno Venter | B | 083 397 6685 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 12 Aug 1978 | Johan en Terry Peyper | 42 | 082 464 1631<br>082 853 6074 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

Psalm 37 : 4—5

